

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen om vrede te maak en die vrede te bewaar. Ons as gelowiges maak vrede met God se wet as hoe ons moet lief hê omdat God ons in Christus vir sy liefde geheilig het. God se wil is ons vrede! Vrede bewaar gaan daaroor om mense gemaklik te laat voel in hul self tevredenheid oor hul sondigheid. Dit is die nuwe eis van 'n nuwe heidendom in Suid Afrika: ons mag mense nie in nie oor hul sondigheid ongemaklik laat voel nie want dit is hulle liefdes. Christus se koms as ons Here was nooit om die wêreld tevrede te laat wees in hul sondigheid nie, maar om sondaars vrede te laat vind om volgens God se wil te leef.

Skriflesing Matteus 5: 3 – 11; 10: 34 - 39

Teks Matteus 5: 9 Geseënd is die vredemakers, want hulle hulle sal kinders van God genoem word

Tema Christus maak ons vredemakers nie vredebewaardes nie

1. Wanneer ons Matteus 5 en 10 saam lees dan lyk dit asof Christus homself weerspreek. In die Bergrede stel die Here dat Hy ons vredemakers maak, maar in Matteus 10 stel die Here dat Hy nie gekom het om vrede op aarde te bring nie, maar tweedrag en geweld. De swaard word hier genoem as simbool van geweld.

Hierdie teenstrydigheid egter, gaan nie oor die Here wat nou een ding sê en nou nou weer iets anders sê nie. Die Here openbaar hier dat die vrede wat Hy aan ons as sy kinders skenk is 'n tipe vrede wat tweedrag en geweld tussen ons as gelowiges en ongelowiges in die gemeenskap skep. Die ongelowige gemeenskap sal altyd met tweedrag en geweld binne in die gemeenskap ontlok.

Die teenstrydigheid in die Here se verklarings oor vrede gaan dus oor die tipe vrede wat gelowiges as gawe van die Here ontvang en waarin hulle leef met die tipe vrede wat 'n ongelowige gemeenskap nastreef.

2. Watter tipe vrede ontvang kinders van God?

Dit is die tipe vrede wat die kom van Jesus as die Messias, die Christus bewerk. Elke keer wanneer Jesus tel dat Hy "gekom" het, verwys dit na sy koms om te ly, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan om die oordeel, straf en vervloeking van ons sonde te dra. Hierdie is die vrede van God se koninkryk, die genadeheerskappy van Jesus Christus: God veroordeel en straf nie sy kinders se sondes nie, maar aanvaar hulle en hul gebroke toewyding as volmaakte liefde vir Hom.

Hierdie is die vrede met God dat Hy nie meer met ons onbehaaglik is nie, maar in ons en ons liefde 'n welbehag het, net soos die engele dit met Christus se geboorte aangekondig het: "Eer aan God in die hoogste en vrede op aarde vir die mense in wie God 'n welbehag het." (Luk. 2:14)

Christus maak ons vredemakers nie vredebewaardes nie

Hierdie vrede dat God in ons en ons liefde wat nooit volgens die wet reg is nie, 'n welbehag het, is die gawe wat ons deur Jesus se koms as Christus ontvang en in leef net deur ons vertrou in die Here.

3. Hierdie vrede wat God met ons in en deur Jesus Christus maak (Rom. 5: 1) maak ons vredemakers.

Waarmee maak Christene vrede?

Hulle maak met die wet van God vrede soos die Here dit in die Bergrede uitwys: Soos God wil hê ons moet lewe, so wil hulle self ook leef. Omdat die Here Jesus Christus met sy koms die wet van God vir ons 'n wet gemaak het sonder enige straf en oordeel vir ons sondes, kan ons berou hê oor ons oortredings sonder vrees en sonder huigelaar. Omdat die Here ons liefde vir Hom geheilig het met alles wat te kort, verdraai, verkeerd en skeef is in ons liefde, kan ons onself met innerlike vreugde verbind aan die bedoeling van elke gebod van die wet.

Dit is deur hulle dankbare bekering van sonde tot die wil van god uit die geloof in god se liefde dat Christene vredemakers word. Hulle word deur hulle bekerings mense wat God se wet in alles aanvaar, hulle self en hulle lewe daarvolgens skik en rig.

Dit is die werklike vrede tussen mense: geloof in Christus en liefde uit die geloof in Jesus Christus. Uit ons geloof in Christus kla ons mekaar nie aan, verwyt, veroordeel, vervloek, straf en verwerp ons nie meer mekaar vir ons sondes teen mekaar nie, omdat Ons wie Christus is en wat hy doen vir mekaar glo.

Uit ons liefde volgens God se wet is ons elke keer jammer oor ons eie sondes en vind ons elke keer weer 'n vreugde daarin om te strewe om mekaar volgens God se wet lief te hê.

Só is ons vredemakers! Ons leef uit ons geloof in Christus vas gebind aan die wet van God! Christene maak vrede deur mekaar se sondes te vergewe en hulle self altyd weer tot die liefde volgens God se wet te verbind. Vredemakers aanvaar mekaar in die geloof sonder straf en veroordeling en het mekaar weer lief volgens God se wet.

4. Hierdie tipe vrede wat gelowiges deur geloof en bekering maak, is totaal iets anders as om die vrede te bewaar.

Die bewaring van vrede gaan oor die tevredenheid van die sondige wêreld met sonde! Hulle is tevrede daarmee dat hulle sondige begeertes nie sondes is nie en ook nie so genoem of geken mag word nie. In hulle tevredenheid met hul sondige begeertes mag hul sondige begeertes nie as sonde uitgewys word nie. In hulle tevredenheid met hul sondige begeertes is niemand volgens hulle aan God se wet gebind as die inhoud en bedoeling van liefde nie, maar is mense se sondige begeertes hul ware liefde vir God en hul naaste.

Hulle tevredenheid is dat hulle met hul sondige begeertes as hul ware liefde vrede gemaak het.

Christus maak ons vredemakers nie vredebewaardes nie

Wat is die enigste wyse waarop mense hulle tevredenheid met hul sondigheid in die gemeenskap kan handhaaf?

En dit antwoord is: deur geweld! Hulle moet hulle tevredenheid met hul sondigheid met mag op ander mense afdwing. Mense moet met mag gedwing word om insiklik en verdraagsaam met hulle tevredenheid met hul sondigheid te wees.

Só word vrede bewaar! Só is jy 'n vredebewaarder! Jy skik deur jou met geweld te laat onderwerp aan ander mense se tevredenheid met hul sondigheid as hul liefde te onderwerp. Hierdie tevredenheid word altyd met die swaard, met geweld op ander af te dwing! Ouers en kinders gebruik emosionele geweld van verwerping teen mekaar om met mekaar se sondigheid te vrede te wees. Werkgewers en werknemers gebruik finansiële geweld teen mekaar m met mekaar se sondes te vrede te wees. Gemeenskappe gebruik sosiale geweld teen mekaar en owerhede en burgers gebruik wette en ongehoorsaamheid teen mekaar.

Vredebewaardes is mense wat hulle self oorgee en berus in die wetteloosheid en goddeloosheid van mense wat almal wil dwing om met hul sondes tevrede te wees soos hulle met hul eie sondes te vrede is.

5. Daarom sê Christus dat Hy nie gekom het om vrede op aarde te bewaar nie. Die Here bewaar nie vrede met sondaars nie. Dit beteken dat die Here nie gekom het om sondaars tevrede te maak met hul sonde nie. Die Here het gekom om moeilikheid te maak vir mense wat tevrede met hul sondigheid is. Dit beteken nie dat die Here gekom het om gewelddadig teen goddeloses op te tree en om 'n heilige oorlog teen hulle te voer nie, soos die heilige oorlog van Moslems teen nie-Moslems nie. Ook nie dat Jesus Christene met aggressie, woede en geweld teen goddeloses mobiliseer nie. Die vrede wat Christus vir sondaars bring veroorsaak nie geweld nie maar ontketen geweld.

Dit beteken dat die vrede wat Jesus Christus vir sy kinders bring bedreig en vernietig die tevredenheid van goddeloses met hul sondigheid. Christus bring 'n vrede waarin ons rou oor ons sonde, en dit maak goddeloses in hul tevredenheid met sonde gewelddadig teenoor Christene. Christus bring 'n vreugde in liefde volgens God se wet en dit maak goddeloses in hul tevredenheid met hul sonde vyandig teenoor ons. Want ons maak vrede daarmee dat wat die Here as sonde openbaar is vir ons ook sonde en wat die Here as werklike liefde volgens se wet openbaar is vir ons ook liefde. Ons is vredemakers omdat ons met die wil van God vrede gevind het. Ons het vrede gemaak dat wat verkeerd is vir God is my verkeerd en wat reg is vir God is vir my reg, en ek sê dit ook vir almal, en dit is waardeur ek my in my gesin en gemeenskap ook aan verbind.

Dit is die werklike probleem van Christene in die Nuwe Suid Afrikaans gemeenskap: hulle is nie tevrede met ons vrede nie! Dit is die druk op ons, die nuwe gemeenskapsorde wat nie met ons vrede te vrede is nie: die vrede wat ons elke dag met rou en vreugde met God se wil maak, maak hulle kwaad. Ons mag nie só leef dat ons hul verkeerdheid uitwys nie.

Christus se vrede bring tweedrag: goddeloses wat nie tevrede met ons vrede met God se wil kan wees nie en daarom gewelddadig teenoor ons raak. Hulle wil nie sien

Christus maak ons vredemakers nie vredebewaardes nie

dat ons nie soos hulle net maak soos ons wil maar volgens God se wil leef nie. Ons mag nie ons vrede met god se wil as 'n openbare mening stel in die gemeenskap nie, want dan kan hulle nie met hulself en hul sondes tevrede wees nie. Jy moet 'n vredebewaarder word wat stilbly en onttrek sodat mense in die gemeenskap kan dink en doen wat hulle wil.

6. Ons staan in hierdie land voor die geloofskeuse: gaan ons vredebewaardes word of is ons vredemakers?

Ons moet nie met hierdie keuse die fout maak om te dink dat ons nou vredemakers gaan word deur die swaard, deur geweld nie. Ons is vredemakers omdat ons as ouers nie aan die emosionele geweld van ons kinders wat stilstuip kry, vloermoere gooi, onder presteer of destruktief raak om hul sondigheid op ons af te dwing toegee nie, maar vrede gemaak het dat ons as ouers en hulle as ons kinders aan die wil van God gebind is. Ons het vrede met hulle geweld teen ons vrede met God gemaak.

As ons hulle geweld moet vat omdat ons met god vrede het, dan vaat ons dit. Daarom stel Jesus Christus in die saligspreuke ook dat ons geseënd is omdat ons vervolg word ter wille van sy Naam.

Ons ontlok nie geweld teen ons omdat ons aggressief, aanvallend, onverdraagsaam en eiesinnig teenoor die wêreld optree nie, maar omdat hulle nie met ons vrede met God tevrede is nie.

Daar is net een manier waarop ons in hierdie land en gemeenskap vredebewaarders kan word: ons moet leer om stil te bly oor wat ons weet wat reg en verkeerd is. Dit is hoe ons vrede moet bewaar: ons mag nie meer openlik sê wat volgens God se wil reg of verkeerd is nie. Ons moet ons kennis van God se wil net voorhou en aanbied as ons beskeie mening. Ons word vredebewaarders deur die waarheid oor God en sy wil net as ons beskeie opinie of ons eie spiritualiteit aan te bied.

Ons moet die vrede in die gemeenskap bewaar deur nie meer ons vrede met God openlik uit te leef as deel van my gemeenskapslewe nie. Ons moet nou saam leef in en met die begeertes van die mense om ons. Om vrede te bewaar moet jy jou lewe volgens God se wil los. Jy mag nie openlik so in die gemeenskap leef dat jy mense met hul tevredenheid met hul sondigheid ongemaklik maak nie. Jy mag nie meer openlik so leef dat jy mense in hul gewete oor hul eie lewe ongemaklik maak nie en daarom mag jy nie meer in die gemeenskap leef soos jy saam en vir God leef nie.

Jy moet of met jou lewenswyse vir God uit die openbare gemeenskap onttrek sodat daar tevredenheid in die wêreld kan wees of jy verander jou vrede wat jy met God se wil gemaak het en raak tevrede met die begeertes en drifte van 'n goddelose gemeenskap.

7. Ons staan voor hierdie keuse!

Ons as gelowiges mag nie deel word van 'n gewaande nuwe tipe Christelikheid wat aan ons opgedis word nie: "Kom ons bewaar die vrede!", "Kom ons kry 'n tevredenheid dat ons dit wat die Woord van God sonde noem, nou ander name gaan gee wat sonde ontsondig!"

Christus maak ons vredemakers nie vredebewaardes nie

Dit is die druk wat 'n nuwe heidendom in die naam van 'n nuwe Christelikheid op ons plaas.

Die Here stel ons voor die keuse om ons kruis op te neem en Hom te volg in hierdie nuwe heidendom in ons land: "Word 'n vredemaker!" 'n Vredemaker wat vrede met god se wet gevind het in die genade van Jesus Christus. Ons het met elke wet van god vrede omdat ons vir ons eie gebrek, eie gesukkel en eie sondigheid waarmee ons probeer om die here volgens sy wet lief te hê nooit veroordeel, gestraf, verwerp of vervloek sal word nie, maar vir God se liefde geheilig sal wees.

Ons vind vreugde in God se wet omdat ten spyte van al ons tekortkominge en oortredings in ons verbintenis tot God se wet, Hy hierdie toewyding as volkome liefde vir homself heilig.

Daarom is ons vredemakers! In ons huise en gemeenskap het ons vrede met God se wil gemaak en dit is hoe onself self verbind om daarvolgens te leef. Dit is hoe ek met mense gaan praat, besigheid doen en saam leef. Ek gaan nie anders praat en leef net om goddelose mense in hul self tevredenheid gemaklik te laat voel nie.

Ons is nie vredebewaardes sodat mense kan dink, voel en maak net wat hulle wil nie asof daar nie 'n God is nie.

Ons maak vrede! Ons bewaar nie vrede nie! Ons leef in die openbare gemeenskap volgens die wil van God!

Geseënd is die vredemakers want hulle sal kinders van God genoem word. Hulle is nie kinders van hierdie wêreld nie.